# Ntsonkotha Senior Secondary School

STIGTINGSDATUM: 1994

LEUSE: PROGRESS THROUGH EDUCATION

ADDRESS: NXARHUNI LOCATION, NEWLANDS, EAST LONDON











Newlands Location is 'n landelike dorpie in die omgewing van Mdantsane, die reuse-township waar byna die helfte van Oos-Londen se inwoners woon. Newlands is 'n arm dorp wat erg onder werkloosheid gebuk gaan.

Ntsonkotha School is ook arm, maar soos in die geval van soortgelyke plattelandse skole, speel rugby 'n belangrike rol. Die skool se naam beteken "iets diepers" en het 'n leerlingtal van 550. Daar is drie rugbyspanne.

Die huidige breier is Mososo Mfuko. Die voorste mededinger is Ngwenyathi Senior Secondary School. Ntsonkotha het ook verskeie kere teen Zweliyandile in die FNB Classic-kragmetings te staan gekom.

Die skool het veral uitgeblink in die Grens se Plattelandse kompetisies. Hulle was kampioene in 2000 en 2002, en naaswenners in 2001.

Die grootste uitblinker onder die oudleerlinge is Tiger Mangweni, wat heelagter vir die Grens se Bulldogs gespeel het.